# ’n Moontlike interpretasie van Psalm 40
## Gerald H. Wilson se navorsing oor die samehang van die Psalmbundel

P. Styger[1]
Sentrum vir Bedryfswiskunde & Informatika
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: bwips@puk.ac.za

D.J. Human
Dept. Ou-Testamentiese Studies
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
PRETORIA
djhuman@ccnet.up.ac.za

**Abstract**

**A possible interpretation of Psalm 40: Gerald Wilson’s research on the coherence of the Psalter**

*A paradigm shift in the study of the Bible has been evident since the 1970s. Biblical texts are currently being examined as literary and canonical units. This approach resulted in the Psalter being studied as a coherent unit. Wilson’s pioneering research laid the foundation for the study of the Psalter as a book. In this article a brief discussion of the results of Wilson’s research will be given. It will also be indicated how Psalm 40 can possibly be interpreted according to Wilson’s findings. Psalm 40 is a unique psalm in the sense that it presents the contents of the Psalter in a nutshell. The contents of Psalm 40 imply the following: the poet experienced deliverance and salvation by doing the will of God and praying persistently. Likewise, everyone identifying with the distress related in Book One of the Psalter will experience God’s deliverance. The aim of the intended message communicated by Psalm 40 is not merely to describe the poet’s suffering, but rather to offer encouragement to the oppressed or distressed by explaining that God indeed answers prayers in difficult times – a thought also expressed in other psalms.*

---

1 Prof. Styger is ook ’n nagraadse student van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Opsomming

**'n Moontlike interpretasie van Psalm 40: Gerald Wilson se navorsing oor die samehang van die Psalmbundel**

*Dit is duidelik dat 'n paradigmaverskuiwing in die bestudering van die Bybel sedert die sewentigerjare plaasgevind het. Bybelse tekste word tans as literêre entiteite en as kanonieke geheel ondersoek. Hierdie benaderingswyse het ook neerslag gevind in die bestudering van die Psalmboek as 'n samehangende geheel. Wilson se baanbrekerswerk het die grondslag gelê vir die bestudering van die Psalmbundel as 'n samehangende boek. In hierdie artikel word Wilson se navorsing kortliks bespreek. Daarna word beskryf hoe Psalm 40 moontlik verstaan kan word aan die hand van die navorsing van Wilson. Psalm 40 is in 'n sekere sin 'n besondere psalm omdat die inhoud daarvan eintlik 'n psalmboek in die kleine verteenwoordig. Die betekenis van Psalm 40 impliseer die volgende: die digter het uitkoms en redding ervaar deur die wil van die Here te doen en volhardend te bid. Net so seker sal elkeen wat kan identifiseer met die nood soos in Boek 1 van die Psalms verhaal word, God se uitredding ervaar. Die geïmpliseerde doel en boodskap wat Psalm 40 kommunikeer, is nie om slegs 'n beskrywing van die die digter se lyding en beproewing te bied nie. Die Psalm dien eerder as bemoediging: die Here verhoor gebede in moeilike tye – 'n gedagte wat ook in die voorafgaande en daaropvolgende psalms voorkom.*

> First the hymnbook analogy ignores the fact that, in the final analysis, the canonical Psalter has become a book to be read and meditated upon, rather than music to be sung. Secondly, the designation evidences our tendency over the last 150 years of Psalm study to focus almost exclusively on individual Psalms to the neglect of the whole ensemble (Wilson, 1993:72).

## 1. Inleiding

Psalm 40 is veral bekend in sy berymde vorm aangesien vers vier gereeld in sommige eredienste gebruik word as die gemeente se antwoord op die voorlesing van die Wet en hulle hernieude onderneming om hulle lewens daarvolgens te rig. Vir depressieleiers kan hierdie psalm 'n bron van groot ondersteuning wees in die wete dat hulle nie die enigste mense is wat "… so diep gesink het in modderige slyk, …[nie] (1936-Psalmberyming)". So ook kan ander persone in moeilike omstandighede bemoedig word deur die wete

dat die Here "… na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor … [het]" (40:2). Vir diegene wat gebedsverhoring en verlossing gevind het, klink die woorde "Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: … uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor …" in ooreenstemming met hul gemoedsgesteldheid (1936-Psalmberyming).

Bogenoemde fragmentariese gebruik van gedeeltes van verse uit Psalm 40 is nie altyd die korrekte benadering nie. Navorsing toon dat wanneer die Psalms bestudeer word, moet met die teks as geheel gehandel word en die Psalmbundel as 'n volledige boek. Howard (1999:329) stel dat daar sedert 1970 'n paradigmaverskuiwing plaasgevind het in die bestudering van die Bybel. Bybeltekse word sedertdien as literêre entiteite en as 'n kanonieke geheel ondersoek. Hierdie uitgangspunt vind neerslag in die bestudering van die Psalmboek as 'n samehangende geheel (Prinsloo, 1995:459).

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon hoe Psalm 40 moontlik ontleed kan word aan die hand van die nuwe insigte, wat uit genoemde paradigmaverskuiwing voortgevloei het. Eers sal 'n kort oorsig gegee word van die werk van sommige van die belangrikste skrywers wat bygedra het tot hierdie nuwe insigte. Daarna sal een van hierdie skrywers, naamlik Gerald H. Wilson, se bydraes in meer detail bespreek word. Volgens Howard[2] (1999:333) het Wilson se baanbrekerswerk die grondslag gelê vir die bestudering van die Psalmbundel as 'n boek. Daarna volg 'n kort bespreking van hoe Psalm 40 moontlik verstaan kan word aan die hand van die insigte wat tevore gekom het uit die werk van Wilson. Daar sal beskryf word hoe Psalm 40 in 'n sekere sin 'n besondere psalm is omdat dit in die kleine eintlik 'n sametrekking van die Psalmboek is. Daar sal ook aangetoon word dat Psalm 40 as bemoediging kan dien – die Here verhoor in die moeilike tye (soos wat die voorafgaande en daaropvolgende Psalms beskryf), en dit gaan nie soseer oor die huidige beproewing van die digter nie. Ten slotte sal 'n kort samevatting en gevolgtrekking gemaak word.

2 Howard (1999:341-342) wys daarop dat Zenger se benadering tot die Psalmbundel as 'n verenigde samestelling wat as 'n geheel, maar ook in die komponente ontgin moet word. Hierdie siening vloei voort uit Wilson se werk. Zenger se benadering is tans die leidende benadering tot Psalmnavorsing. Die ontoeganklikheid van Zenger se werk vir die nie-Duitssprekende het egter tot gevolg dat in hierdie artikel net op Wilson se werk gefokus word.

## 2. Ontwikkelings en resente insigte oor die samehang van die Psalmbundel

### 2.1 Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon hoe Psalm 40 moontlik aan die hand van die navorsing van Wilson bestudeer kan word. Om hierdie doel te bereik is dit eerstens nodig om die werk van Wilson in konteks te plaas. Dit sal gedoen word aan die hand van 'n kort bespreking van die ontwikkeling in Psalmnavorsing, veral sedert die sewentigerjare.

Die wyse waarop die Psalmnavorsing van die 20ste eeu aangepak is, kan op verskillende wyses gegroepeer word. So onderskei Clines (1967 en 1998) tussen die navorsing oor die verband tussen die Psalms en die Israelse kultus en die navorsing oor die literêre genres van die Psalms as die twee hoofstrome met betrekking tot die Psalmnavorsing in die 20ste eeu. Mitchel (1997:48, 56) stel dat die Psalmnavorsing van die 20ste eeu in drie skole verdeel kan word, naamlik die vormkritiekskole van Gunkel en Mowinckel en die skool wat fokus op die finale redaksionele versorging van die Psalmboek. Lind (1998:1) bevind dat Psalmnavorsing 'n nuwe intensiteit beleef op twee fronte: daar word naamlik eerstens gevra wat die redaksionele bedoeling was met die finale samestelling van die Psalmboek. Tweedens word gevra wat die oorspronklike kultiese gebruik van die Psalms was. Howard (1999:327, 328) sluit aan by hierdie sienings en stel dat die ontwikkeling in Psalmnavorsing sedert die sewentigerjare op vyf gebiede konsentreer, naamlik die samestelling en fokus van die Psalmboek, die Hebreeuse poësie, hermeneutiek, vormkritiek en die Psalms in die konteks van die antieke Nabye-Ooste.

Sommige skrywers is dit eens dat die grondslag van die hedendaagse Psalmnavorsing gelê is deur die werk van Gunkel en Mowinckel (Lind, 1998; Howard, 1999; Mitchel, 1997; Prinsloo, 1995 en Zenger, 1994), terwyl die kern van die moderne Psalmnavorsing die werk van Childs, Wilson en Zenger en Hossfeldt is.[3]

3 Volledige kritiese beskrywings en oorsigte oor die ontwikkeling van die navorsing is onder andere in Howard (1999) en Naudé (1999).

## 2.2 G.H. Wilson

### 2.2.1 Inleiding

Die baanbrekerswerk van Gerald Wilson het, soos hierbo aangedui is, Psalmnavorsing ’n nuwe impetus gegee. In hierdie kort bespreking van sy werk sal eerstens gelet word op sy werk oor die vorm van die Psalmboek in sy geheel en daarna op sy nuwer navorsing oor die interpretasie van die Psalms in ’n stedelike (*urban*) konteks. Dit sal wys hoe daar na spesifieke psalms of ’n tema gekyk kan word binne die groter samehang van die Psalmboek as geheel.

### 2.2.2 Vorm van die Psalmboek in sy geheel

#### 2.2.2.1 Inleiding

Die hooftaak van Wilson (1984:337; 1992:130; 1993:72) se navorsing was eerstens om aan te toon dat in die 20ste-eeuse Psalmnavorsing hoofsaaklik gefokus is op die identifisering (isolering) en die vergelyking van die oorspronklike sosiale matriks van die Psalmtipes (genres) in navolging van die werk van Gunkel en Mowinckel. Tweedens toon hy aan dat dit tot gevolg gehad het dat die aandag in Psalmnavorsing weggelei is van die belangrikheid van die redaksionele organisasie van die Psalmboek. Derdens is die kern van sy navorsing om aan te toon dat daar ’n kontinue en doelgerigte redaksionele poging was om beslag te gee aan die finale vyfboekvorm van die Psalmboek soos dit vandag in byna al die teks- en vertalingweergawes (Grieks, Latyn, Siries, Armeens en Hebreeus, uitgesluit dele van die Qumran-boekrolle) bestaan. Vierdens is sy navorsing daarop ingestel om terug te keer na die bestudering van die Psalmboek as ’n kanonieke eenheid.

In sy navorsing oor die vorm van die Psalmboek beklemtoon Wilson (1992:192) dat daar fyn onderskei moet word tussen die “indikatore” wat betrekking het op die vorm van die Psalmboek en die “belangrikheid” van die spesifieke vorm van die Psalmboek as ’n kanonieke geheel. In sy aanvanklike navorsing (Wilson, 1984:337) onderskei hy drie metodes wat help om spesifieke indikatore ten opsigte van die vorm van die Psalmboek te identifiseer. Die drie metodes is die gebruik van die *outeurs* in die Psalmopskrifte, die funksie van genre-kategorieë in dieselfde opskrifte en die gebruik van die *hllwyh*-psalms in die laaste twee boeke van die Psalmboek.

#### 2.2.2.2 Metodes om vormindikatore te onderskei

Ten opsigte van die eerste metode word verskeie waarnemings oor die rol van outeurskap in die vormgewing van die Psalmboek gemaak (Wilson, 1984:338). Hy bevind dat outeurskap nie die primêre oorweging was by die samestelling van die Psalmboek nie. Bewyse hiervoor is onder andere die feit dat alhoewel daar verskeie groot groeperings van “outeurs” is, al die psalms van ’n “outeur” nie in een geval saam gegroepeer word nie. ’n Opvallende voorbeeld is toe Boek 1 met Boek 2 gekombineer is, die tweede groep Dawidspsalms nie met die eerste saamgevoeg is nie. Outeursveranderings speel egter ’n belangrike rol om Boek 2 van Boek 1 te skei en ook so Boek 3 van Boek 2 en Boek 3 van Boek 4.

Die genre-groeperings in die opskrifte, as tweede metode, het twee funksies (Wilson 1984:340; 2003c:1), naamlik om sekere psalms van mekaar te skei en in ander gevalle om psalms met mekaar te verbind. In die opskrifte van psalms is daar terme wat duidelik onderskei kan word as aanduidings van genre (bv. *mizmor* = psalm soos in die opskrifte van Psalms 46-51). Ander voorbeelde van genre-aanduiding in die opskrifte is *hwdw* (bewys dank/ loof die Here), soos in Psalm 107, 108 en 109 en die meer bekende *hllwyh* (halleluja of prys die Heer) van Psalms 146-150. Wilson toon ook aan dat genre nie die primêre redaksionele beginsel was vir die ordening van die Psalmboek nie. ’n Bewys vir hierdie siening is onder andere dat die Bedevaartspsalms wel as ’n volledige groep bestaan het (dalk omdat dit reeds as ’n eenheid bestaan het voor die samevoeging van die psalms). Ander groepe genres bestaan weer nie as volledige groepe nie. Alhoewel sommige groepe saam geplaas word, is nie almal bymekaar nie. So byvoorbeeld is die sogenaamde Koningspsalms (*Royal psalms*) nie saam gegroepeer nie. ’n Duideliker funksie van die *genre*-groeperings is om groepe psalms binne in ’n spesifieke boek met mekaar te laat skakel. Wilson (1984:345) stel dat die doel met hierdie groepering is om die oorgang “sagter”’ te maak. Dit gebeur onder andere in die middel van Boek 2 met die oorgang van die Koragietepsalms na die tweede groep Dawidpsalms met die Asafpsalm (Psalm 50) in die middel. By nadere ondersoek help die term *mizmor* in die opskrif van die ses opeenvolgende psalms om die eenheid van Boek 2 te behou. Die YHWH *Malak* (YHWH regeer) Koningspsalms speel ’n belangrike rol om die Psalmboek saam te bind omdat die oorgang van die kommer oor die Dawidsryk na die vreugde in die ewige ryk van God hierdeur bewerkstellig word (Wilson, 2003c:13). Wilson wys ook daarop (1984:340) dat meer as een van die ses belangrikste genre-aanduidings nooit saam in een opskrif verskyn nie.

Die derde metode om indikatore vir die vorm van die Psalmboek te onderskei, is die gebruik van Halleluja- (*hllwyh*) en die Loof-die-Here-psalms (*hwdw*). Hierdie tipe psalms kom voor in Boek 4 en Boek 5. Hieruit kan duidelik gesien word dat die gebruik van hierdie wyse van psalmgroepering duidelik die "some/skeidings" asook die begin en einde van Boeke 4 en 5 aandui.

Wilson (2003a:5) wys ook daarop dat die spesifieke poëtiese tradisie en konvensies ook bydra tot die spesifieke vorm van die Psalmboek. Enkele voorbeelde is dat op vier na, al die psalms met herhalende refreine in Boek 2 is. Herhalende refreine kan moontlik aandui dat Psalm 42 en 43 'n eenheid vorm. So ook kan die vervolg van die akrostiese patroon van Psalm 9 in Psalm 10 aandui dat dit oorspronklik een psalm was en die rol wat *inclusio* speel om poëtiese eenhede af te baken.

In sy latere navorsing oor die vorm van die Psalmboek sluit Wilson (1992; 1993) aan by die uiteensetting hierbo en gebruik dan die drie metodes om die indikatore ten opsigte van die vorm van die Psalmboek te identifiseer.

#### 2.2.2.3 Indikatore wat betrekking het op die vorm van die Psalmboek

Die eerste indikator van die vorm is die indeling van die Psalmboek in vyf Boeke. Wilson (1986:86; 1992:130 en 1993:72) toon aan dat hierdie indeling van die Psalmboek nie toevallig is nie. Bewyse hiervoor bestaan in die gebruik van lofprysings (doksologie) om segmente of die hele gedig af te sluit. Hierdie vormelement kom algemeen voor in literatuur van die antieke Nabye-Ooste. Verder gebruik Wilson dan die drie metodes, soos hierbo beskryf, om aan te toon dat die outeuropskrifte, die *genre*-aanduiding in die opskrifte en die gebruik van die *hwdw*- en *hllwyh*-psalms die vyfdeling van die Psalmboek bevestig.

Die tweede indikator van die vorm van die Psalmboek is die twee segmente/dele waarin die Psalmboek ingedeel kan word op grond van die ordenings- (redaksionele) tegniek (Wilson 1986:87; 1992: 131; 1993:73). Die metodes van "outeurs" en *genre*-aanduidings in die opskrifte speel, soos hierbo aangedui is, 'n belangrike rol in die vasstelling van die "some"/skeidings tussen die eerste drie Boeke. 'n Heel ander metode, naamlik die gebruik van die *hwdw*- en *hllwyh*-psalms dien as basis vir die "some"/skeidings tussen Boek 3 en Boek 4 asook tussen Boek 4 en Boek 5. Verder verskaf dit moontlike bewyse van 'n ander (latere) redaksionele proses as by

die eerste drie Boeke, 'n siening wat sterk ondersteun word uit navorsing oor die Qumran-boekrolle (vgl. byvoorbeeld Lind, 1998:1).

Die derde indikator van die vorm van die Psalmboek is die inleiding en slot van die Psalmboek. Wilson voer aan (1992:132; 1993:74) dat Psalm 1 'n aparte inleiding tot die Psalmboek as 'n geheel is. Hy verwys ook na sekere Nuwe-Testamentiese manuskripte wat na Psalm 2 verwys as die eerste psalm. Ten opsigte van die slot van die Psalmboek stel hy (Wilson, 1992:132) dat die gebrek aan 'n doksologie aan die einde van Boek 5 (soos by Boeke 1-4) skrywers laat aanneem het dat Psalm 150, die slot-halleluja, nie net die slot van Boek 5 is nie, maar van die hele Psalmboek. Hierdie siening word versterk deur die aanwesigheid van 'n soortgelyke lofprysing in die versameling van Sumeriese tempelgesange. Wilson (1992:133; 1993:74) toon aan dat Psalms 146 tot 150, soos ingelei deur Psalm 145 die finale halleluja van die Psalmboek vorm. Die Psalmboek bestaan dus uit duidelike segmente: eerstens die inleiding en slot en tweedens die twee hoofdele (Psalm 2-89 en 90-144) op grond van die verskillende ordeningstegnieke.

Die vierde indikator van vorm wat hy onderskei, is die sogenaamde mededingende redaksionele raamwerke (Wilson, 1986:85-94; 1992: 33-134; 1993:74-82). Aan die hand van 'n uitvoerige beskrywing verduidelik Wilson hoe die plasing van verskillende groepe psalms soos die Dawidpsalms, die Wysheidspsalms en Koningspsalms nie net die verskillende Boeke se vorm bepaal nie, maar ook dié van die hele Psalmboek. Hy wys daarop dat die temas van hierdie Psalms vorm verleen aan die Boeke en Psalmboek. Die kernbevinding van hierdie ondersoek is dat die Psalmboek begin met die klem op persoonlike en individuele klaagliedere, maar eindig met openbare, gemeenskaplike lofliedere. Waar die Psalmboek se eerste gedeelte handel oor die skynbare verval van die Dawidsryk, lê die wysheid van die tweede deel daarin dat die verlossing nie in 'n aardse koninkryk gesetel is nie, maar in die ewige koninkryk waar YHWH die enigste koning is.

Die navorsing van Wilson het, soos hierbo aangetoon is, 'n belangrike bydrae gelewer tot die bestudering van die Psalmboek as 'n geheel, veral aan die hand van sy metodes en indikatore. Verskeie skrywers het egter ook kritiek teen hierdie werkwyse van Wilson uitgespreek.

#### 2.2.2.4 Kritiek teen Wilson se wyse van psalmvormnavorsing

Howard (1999:337) verskil van Wilson ten opsigte van die plek van Psalm 2. Hy maak 'n saak daarvoor uit dat Psalm 2 ook saam met Psalm 1 deel is van die inleiding van die Psalmboek. Op hierdie manier word die gesalfde van YHWH se soewereiniteit deel van die tema van die hele Psalmboek soos gesien kan word in die koninklike Dawidspsalm 144 wat saam met Psalm 145 die slot vorm van Boek 5. Mitchell (1997:61) sluit aan by hierdie siening en beweer dat Wilson fouteer deur te stel dat een van dié Psalms se temas die mislukking van die Dawidsryk is. Mitchell is van mening dat die eskatologiese ondersoek van die psalms toon dat die Dawidsryk die basis vorm van die Messiaanse tema wat sentraal staan in die hele Psalmboek – 'n siening wat ook deur ander skrywers ondersteun word, onder andere Santala (2003:1-23) en Mays (1986:155). McFall (2000:227) se kritiek teen Wilson is dat hy die belangrikheid van die aantal kere wat die verskillende name van die Here in die verskillende psalms en op spesifieke plekke in die Psalmboek gebruik word, nie raaksien nie. McFall is van mening dat die gebruik van die name van die Here 'n baie belangrike bewys vir die spesifieke samestelling van die vyf Boeke is. Joffe (2001:142 en 157-165) ondersteun hierdie siening. In wese is dit dus nie substansiële kritiek teen die kern van Wilson se navorsing nie, maar slegs verfynings en moontlike verdere verbeterings.

Al die aanvanklike navorsing van Wilson, soos hierbo beskryf is, wentel om die vorm van die Psalmboek. Dit laat die vraag ontstaan of Wilson dan nie hierdie navorsing deurtrek na die implikasies daarvan vir die bestudering van die Psalms nie.

#### 2.2.2.5 Die implikasies van die vormgewing van die Psalmboek vir die bestudering van psalms

Wilson (1992:136) toon aan dat duidelike implikasies vir die bestudering van die psalms voortvloei uit die vormindikatore wat hy geïdentifiseer het.

Die eerste implikasie is, wat hy noem, die "geval van lewe of dood". Anders as verwag word, vereis die inleidende Psalm 1 nie van die leser om die Tora te hou, volg of gehoorsaam nie. Psalm 1 moedig die volgende gesindheid aan: 'n houding van konstante vreugde in en die oordink van die Tora as die gids tot lewe en dood. Psalm 1 rig die leser daarop om die res van die Psalmboek met dieselfde getrouheid en vreugde te oordink en te beskou as die woorde van mense wat die Woord van God geword het. Die psalms as 'n geheel

vereis ’n leeftyd van studie wat die begin is van ’n lewenswyse wat uitloop op lofprysing.

Die tweede implikasie noem Wilson (1992:137) die oorgang van “performance to meditation”. Alhoewel daar verskeie skrywers is wat nog na die Psalmboek verwys as die liedboek van die tweede tempel, wys Wilson daarop dat die finale vorm van die Psalmboek, met sy spesifieke wysheidselemente, duidelik wys dat die psalms vir die teenswoordige leser bedoel is om dag en nag bepeins te word. Die psalms is in hul redaksionele samestelling los van hulle historiese ankers en geld nou vir elke omstandigheid in die lewe van elke leser.

Die derde implikasie noem Wilson (1992:138) die oorgang van “klaaglied na lofprysing”. Die vormgewing in die Psalmboek as geheel en die meerderheid klaagliedere in die eerste drie Boeke asook die oorgang na die lofprysing in hoofsaaklik Boeke 4 en 5 is maar een aanduiding dat “Praise constitutes another reality in which the presence of God has become so real that anger has no point, pain has no hold, and death lacks all power to sting” (Wilson, 1992:139).

Die vierde implikasie sluit by die derde implikasie aan (Wilson 1992:138,139; 2003b:11). Die oorgang van klaagliedere na lofprysing gaan verder gepaard met die verskuiwing van die fokus vanaf die individu na die gemeenskap. Binne die gemeenskap van die gelowiges word die voortdurende genade van YHWH ervaar. Dit is hier, by die genade van God, waar die individuele gelowige identiteit, bevestiging, hernuwing, vernuwing en hoop vir die toekoms vind.

Die vyfde implikasie noem Wilson (1992:139) “YHWH enthroned on the praises of His people”. Soos Israel ervaar die leser van die psalms die ewige, heilige God wat regeer. Hierdie besef dwing die leser nie net op sy knieë om sy sonde voor God te bely nie, maar ook om die groot genade van God te prys met ’n halleluja.

### 2.2.2.6 Samevatting

In sy omvattende navorsing oor die vormgewing van die Psalmboek as kanonieke geheel het Wilson drie metodes ontwikkel waarmee die verskillende indikatore wat geld vir die vormgewing van die Psalmboek ondersoek kan word. Hierdie vier indikatore, naamlik die geval van lewe of dood, die klem op nadenke, die oorgang van klaaglied na lofprysing, die oorgang van die individuele na die gemeenskaplike en die feit dat YHWH se troon rus op die lofprysing

van sy volk, het baie duidelike rigtingwysende implikasies vir die bestudering van die Psalmboek as geheel.

In die volgende gedeelte word kortliks aandag gegee aan Wilson se siening oor hoe, in die lig van die voorgaande, spesifieke psalms geïnterpreteer moet word deur stedelinge van vandag. Hierdie wyse van interpretasie sluit veral etniese, kulturele en sosio-ekonomiese minderhede in stede in.

### 2.2.3 Die Psalms geïnterpreteer binne ’n stedelike konteks

#### 2.2.3.1 Inleiding

In sy navorsing gee Wilson (2003b) ’n praktiese voorbeeld van hoe met die Psalmboek as geheel gehandel moet word terwyl individuele psalms en psalmteksverse binne die groter konteks benader word. Dit word toegespits op die probleem van minderhede binne ’n stedelike konteks.

#### 2.2.3.2 Stedelike ondervinding soos gereflekteer deur die Psalms

Wilson (2003b:3) toon aan dat die post-eksiliese gemeenskap van die Israelse diaspora die psalms versamel en bewaar het. Die meeste van hulle was minderhede in die stede waar hulle gewoon het en gevolglik het dit moontlik ’n invloed gehad het op die psalms wat bewaar gebly het. Die psalms sou dan baie van die bekommernisse van sulke minderhede reflekteer. Hierdie bekommernisse is volgens Wilson (2003b:3) onder andere die volgende:

- die stryd van minderhede teen ’n oormag (Psalm 69);
- die misbruik van politieke, wetlike en godsdienstige mag (Psalm 69);
- die ontkenning van God deur diegene in magsposisies (Psalm 14, 53);
- die ontberings van minderhede (Hebreeus: *oni* = onderdruk; *’ebyon* = arm, behoeftig; *dal* = swak) (Psalm 73);
- die pyn van kulturele en godsdienstige ontworteling (Psalm 137).

Uit die samehangende struktuur van die Psalmboek maak die God van die psalms Homself ook bekend en dit het ook implikasies vir stedelinge (Wilson 2003b:4, 5):

- God lei sy volk na ’n stad waar hulle kan bly (Psalm 46, 48, 107, 147);

- God definieer die korrekte rol van die regverdige leier (Psalm 7, 15, 24);
- God het empatie met die onderdruktes (Psalm 34, 41, 69, 146);
- God, YHWH, is die koning; Hy het die finale mag (Psalm 47, 145).
- God is in beheer, al lyk dit of chaos heers (Psalm 11, 29, 74).

Verdere belangrike gevolgtrekkings wat gemaak kan word, is dat lyding nie noodwendig straf is nie (Psalm 42, 69 en 71). Swaarkry is baie keer eerder 'n teken van 'n gebroke wêreld. Die oorgang van die klem op die individuele na die klem op die gemeenskaplike (hierbo beskryf) in die Psalmboek toon die belangrike rol wat die gemeenskap van die gelowiges ook as ondersteuningsbasis speel. Die oorgang van (hoofsaaklik) klaagliedere in die eerste drie Boeke na die lofliedere in die laaste deel hou ook die belofte in dat die hele skepping aan die einde sal saamspan om die Skepper en Verlosser te prys.

#### 2.2.3.3 Samevatting

Wilson poog om praktiese beslag te gee aan sy werk oor die bestudering van die Psalmboek as 'n geheel. Hy pas dit toe op die omstrede onderwerp van stedelike, onderdrukte minderhede.

### 2.3 Slot

Die doel van hierdie gedeelte was om 'n bondige oorsig te gee oor die Psalmnavorsing van Gerald Wilson. Daar is aangetoon dat hy op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse metodes geformuleer en op hierdie wyse die struktuur en samehang van die Psalmboek beskryf. Hy sit ook die implikasies van hierdie benaderingswyse vir die bestudering van die psalms en Psalmboek uiteen. Daarna is 'n kort bespreking gegee van 'n praktiese toepassing deur die psalms se relevansie vir onderdrukte, stedelike minderhede uit te lig.

Vervolgens gaan gekyk word hoe Psalm 40 aan die hand van Wilson se navorsing bestudeer kan word.

## 3. Psalm 40

### 3.1 Inleiding

Die doel van hierdie deel is om baie kortliks te kyk hoe Psalm 40 moontlik aan die hand van Wilson se navorsing bestudeer kan word.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat hier dus nie 'n volledige ondersoek na Psalm 40 kan plaasvind nie. Om so 'n volledige ondersoek te doen, is die insigte van baie ander belangrike navorsers (soos Gunkel en Mowinkel) en veral resente navorsers soos Zenger en Hossfeld (vgl. Howard, 1999) nodig, soos wat in die kort oorsig hierbo geskets is. Verder moet ook gekyk word na studies wat spesifiek op Psalm 40 fokus. Naudé (1999) gee 'n volledige oorsig oor dié spesifieke Psalm se navorsingsgeskiedenis en bestudeer Psalm 40 aan die hand van nuwer insigte. In hierdie artikel sal dus net die hooftrekke van die belangrikste navorsing oor Psalm 40 geskets word.

Die fokus in hierdie afdeling is op die hulp wat Wilson se navorsing kan gee met die bestudering van Psalm 40. Daar sal aangetoon word dat Psalm 40 'n besondere psalm is, omdat dit eintlik 'n psalmboek in die kleine is. Ook sal verduidelik word dat die moontlike rol van Psalm 40 kan wees om bemoediging aan te dui: die Here verhoor in dié moeilike tye wat in die voorafgaande en daaropvolgende psalms beskryf word. Psalm 40 handel nie spesifiek oor die huidige beproewing van die digter nie.

## 3.2 Navorsing oor Psalm 40

Die "debat" rondom Psalm 40 kom veral op twee vlakke voor. Die een stel argumente handel oor die feit of Psalm 40 een of twee psalms/dele is. Die tweede stel argumente handel oor die debat oor die vraag of dié Psalm 'n uitspraak teen die bring van offers maak en wat die verwysing na die Tora hier behels.

Daar bestaan meningsverskil oor die aantal onderdele waaruit Psalm 40 bestaan. Psalm 40 bestaan volgens Tromp (2001:221) uit drie duidelik onderskeibare gedeeltes: die danksegging (vers 2-5); die lofprysing (vers 6-11); en die individuele klag en smeking. Rogerson en McKay (1977:190) is van mening dat daar net twee dele onderskei kan word: die danksegging vir reeds ontvangde verlossing en die gebed vir huidige probleme. Mowinckel (1992:33) klassifiseer Psalm 40 as 'n persoonlike dankpsalm. Naudé (1999: 238) toon aan dat, volgens die meeste navorsers, Psalm 40 uit twee dele bestaan, maar beslis een psalm is (kyk ook Prinsloo, 2003:388). Mowinckel (1992:33) toon ook omvattend aan dat die Psalm nie 'n uitspraak is teen die bring van offers nie.

Naudé (1999:218-238) ondersoek die redaksionele werk aan Psalm 40 veral aan die hand van die werk van Hossfeld en Zenger; Millard;

Seybold; Whybray; Gerstenberger en Barth. Hy maak die volgende breë gevolgtrekkings:

*Op die mikro-vlak*:

- Die opskrif dui in hierdie geval nie die ontstaanstyd aan nie en die outeur kan nie op grond van die opskrif afgelei word nie.
- Vers 13 speel 'n inherente rol in die hele struktuur van die Psalm en is baie belangrik in die teologiese opbou en eenheid van Psalm 40.

*Op die meso-vlak*:

- Die Psalm weerspieël die konteks van die '*Armen'* in die na-ballingskapstyd.
- Psalm 40 speel 'n belangrike rol (as deel van die groep Psalms 32-41) in die vormingsproses van die Psalmbundel as groter geheel.
- Psalm 38-41 is 'n gebedsreeks met siekte as die kerngedagte.

*Op die makro-vlak*

- Psalm 1 en 40, 41 vorm 'n *inclusio.* Dit gee 'n spesifieke aard aan Boek 1 van die Psalmbundel.
- In die moontlike doelbewuste redaksionele omwerking van die Psalmboek rondom die begrip *Tora*, speel Psalm 40 ook 'n belangrike rol.

Na hierdie bondige oorsig van die belangrikste bevindings uit die navorsingsgeskiedenis van Psalm 40, sal nou gekyk word na die toepassing van Wilson se navorsing op Psalm 40.

## 3.3 Psalm 40 aan die hand van Wilson se navorsing

### 3.3.1 Indeling en opskrifte

Psalm 40 vorm deel van Boek 1 van die Psalmboek. Dit vorm deel van die eerste van die vier basiese versamelings in die Psalmboek, naamlik die Dawidpsalms (kyk ook Bratcher 2002a:1). Die opskrif toon volgens Wilson (1984:341) dat Psalm 40 deel is van die groep Psalms 38 tot 41 omdat hul opskrif almal die term *mzmwr ldwd* ('n Psalm van Dawid) in die opskrif het. Daar kan egter van die siening verskil word omdat Psalm 39 tot 41 ook die term *lmnsh* (vir die

koorleier/musiekleier) gemeen het – iets wat ontbreek by Psalm 38. Opvallend is egter dat die volgorde van die woorde van Psalm 40 se opskrif die enigste een in die Psalmboek is wat lees: koorleier (van) Dawid ('n) psalm. Psalm 38 en 41 se redaksionele opskrifte kan vertaal word (1933-vertaling) met: "'n gebed in krankheid" wat die psalms tog met mekaar koppel. Psalm 39 se redaksionele opskrif kan ook lees: "gebed in aanvegtinge". Die 1933 redaksionele opskrif van Psalm 40, naamlik "Welgeluksalig is hy wat op die Here vertrou," dui dan moontlik korrek op 'n besondere rol van Psalm 40 in hierdie groep psalms. Hierdie rol sal meer duidelik na vore kom as Psalm 40 aan die hand van die verskillende implikasies wat Wilson aangedui het, bespreek word.

### 3.3.2 Implikasies van die vorm van die Psalmboek vir Psalm 40

Deur na hierdie implikasies (soos hierbo beskryf) te kyk, blyk dit dat Psalm 40 baie van die eienskappe van die Psalmboek as geheel bevat.

Die eerste implikasie waarna Wilson verwys, is die feit dat Psalm 1 as die inleiding tot die Psalmboek daarop wys dat die bestudering van die Tora 'n vreugde moet wees. Psalm 1 moedig 'n houding van konstante vreugde in en die oordink en bepeinsing van die Tora, as die gids tot lewe en dood aan. Psalm 1 skerp die leser op om die res van die Psalmboek met dieselfde getrouheid en vreugde te bepeins as die woorde van mense wat die Woord van God geword het. Naudé (1999:66, 251) verwys na die vraag of Psalm 40 'n sogenaamde Tora-psalm is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die rol van die Tora hier leidinggewend in die mens se lewe is en gewillig gevolg moet word. Hierdie siening sluit aan by Wilson se hooftema vir die Psalms as kanonieke eenheid wat verder bewys dat die verwysing na die Tora hier 'n ander funksie het as in die Tora-psalms.

Die tweede implikasie wat Wilson aantoon, is dat die Psalms tans bedoel is om voortdurend bepeins te word. Die Psalms is binne hul redaksionele konteks los van hulle historiese ankers en geld vir elke omstandigheid in die lewe van elke leser. Soos aangetoon is, speel Psalm 40 ook in hierdie verband 'n belangrike rol, onder andere in die bemoediging van persone wat ly.

Die derde implikasie noem Wilson (1992:138) die oorgang van "klaaglied na lofprysing". Die vorm van die Psalmboek toon dat die meerderheid klaagliedere in die eerste drie Boeke is en die oorgang na die lofprysing in hoofsaaklik Boeke 4 en 5.

Die vraag of Psalm 40 uit 'n loflied en 'n klaaglied bestaan, is hierbo kortliks bespreek. Soos aangetoon is (uit Naudé, 1999 se navorsing) wil dit voorkom asof die meerderheid skrywers tot die gevolgtrekking kom dat sowel 'n lof- as 'n klaaglied in die Psalm voorkom. Psalm 40 het egter eers 'n loflieddeel (vers 2 tot 11) en daarna 'n klaaglieddeel (vers 12 tot 18). Indien die eienskappe van die sogenaamde klaag- en lofpsalm ondersoek word (kyk o.a. Wilson, 2003c:7 en Burden, 1986:55, 56), wil dit egter voorkom asof veral die klaaglieddeel van Psalm 40 aan al hierdie eienskappe voldoen.[4] So 'n afleiding verleen dus verdere ondersteuning aan die moontlikheid dat die doel van hierdie Psalm is om verdruktes te bemoedig. Dit word gedoen deur eerstens te stel dat die Here uitred en tweedens om aan te dui dat die digter ook al in sulke omstandighede was, maar "… al is ek arm en ellendig – die Here dink aan my" (1933-vertaling).

Die vierde implikasie wat Wilson identifiseer, is dat die oorgang van klaagliedere na lofprysing ook gepaardgaan met die verskuiwing van die fokus vanaf die individu na die gemeenskap. Psalm 38 tot 41 beskryf eerstens die lot van die individu wat probleme ervaar, omdat die Tora van die Here nie eerste in hulle lewe is nie. Die klem van Psalm 40, naamlik dat dié wat hulle deur die Tora laat lei, redding sal ontvang as hulle volhardend bid, skep die oorgang van die individu na die gemeenskap. So kry Boek 1 ook die eienskappe (vorm) van die Psalmboek. Die feit dat 'n deel van hierdie Psalm herhaal word in Psalm 70 gee 'n verdere bevestiging aan hierdie siening. Die tema van Psalm 40 word herhaal aan die einde van Boek 2 in Psalms 69 en 70. Psalm 69 vers 3 herhaal die tema van die "wegsink in modder" en Psalm 70 is 'n herhaling van Psalm 40 vers 14b tot 18. Psalm 70 is 'n latere weergawe (Naudé, 1999). Met die opskrif: "ter herinnering (by die gedenkoffer)", word die leser daaraan herinner dat vir dié wat volhardend na die Here terugkeer, *wás* daar uitkoms. Creach (1996) bou voort op hierdie navorsing van Wilson om uitvoerig aan te toon dat die Tora-gedagte van Psalm 40 'n baie belangrike rol gespeel het in die redaksionele proses om die twee Dawidboeke aan mekaar te koppel. Hy gee verdere ondersteuning aan Seybold (1990:20) se siening dat die twee Dawidboeke die begin van die Psalmboek was. Dit wil voorkom asof dié twee boeke moontlik die eerste versameling "modelgebede" kon wees (Creach, 1996:112-113). Hier speel Psalm 40 die rol van "die

4 Bratcher (2002b:4) stel die lys van elemente van die klaaglied soos volg op: Die aanroep van God; die beskrywing van die klag/probleem/krisis; die bevestiging van die vertroue in God; die pleidooi vir hulp/verlossing; die erkenning van 'n respons;'n doksologie

geduldige wag" op YHWH uit die oogpunt van iemand wat al die uitkoms ervaar het. Vandaar dan ook die "lus" om die Tora te gehoorsaam uit dankbaarheid. So word een van die hooftemas van die Psalmboek verder uitgebou.

Die vyfde implikasie wat Wilson aantoon is dat, soos Israel, die leser van die psalms die ewige, heilige God ervaar. Dit dwing die leser op sy knieë om sy sonde voor God te bely, maar dit dwing die leser ook om die groot genade van God te prys met 'n halleluja. Dit is ook die rol van die doksologie aan die einde van Psalm 40.

### 3.4 Die situasie van minderhede en verdruktes

Die nuwe navorsing van Wilson (2003b) lig die verskillende toepassings van die boodskap van Psalm 40 op vandag se lewe uit. Die belangrikste is die bevestiging dat YHWH wel uitkoms (redding) gee. Die digter van Psalm 40 het dit ervaar. 'n Verdere belangrike aspek, wat die Psalm beklemtoon, veral vir minderheidsgroepe, is dat daar nie na ander metodes van uitkoms (skyngode) gesoek moet word nie. In vandag se sosiale verval in die wêreldstede is dit 'n kragtige boodskap teen onder andere geweld en dwelmmisbruik as ontvlugtingsmeganismes. Die oproep om in die "gemeente" te vertel van die redding en nie stil te bly nie is 'n kragtige oproep dat die kerk (as 'n versameling gelowiges), ondanks die omstandighede, kragtig moet getuig van YHWH se redding. Die betekenis wat uitgedra moet word is, soos hierbo aangedui, ook die hooftema van die Psalmboek, naamlik dat die mens wat die wil van YHWH doen, gelukkig sal wees. Gehoorsaamheid en dankbaarheid is die sleutelelemente.

### 3.5 Samevatting

Daar is aangetoon dat Psalm 40 die meeste elemente van die vorm en eienskappe van die Psalmboek in sy geheel vertoon en eintlik 'n psalmboek in die kleine is. Dit wil voorkom asof Psalm 40 'n belangrike rol in Boek 1 speel deur aan te toon dat die digter ook die individuele beproewing, soos in hierdie Boek beskryf is, ervaar het. Deur egter die Tora die rigsnoer vir sy lewe te maak en volhardend te bid, het hy redding ontvang. Dit dien as bemoediging en die versekering van redding vir dié wat nog beproef word. Ook hierdie versekering geld dan vir die onderdrukte minderhede.

## 4. Slot

Die doel van hierdie artikel was om 'n kort oorsig te gee oor die belangrike baanbrekerswerk van Gerald H. Wilson oor die be-

studering van die Psalmboek as ’n geheel. Daar is aangetoon dat Wilson metodes ontwikkel het om hom in staat te stel om sekere indikatore te identifiseer wat gebruik kan word om belangrike gevolgtrekkings oor die vorm van die Psalmboek te maak. Hierdie indikatore hou baie belangrike implikasies in vir die bestudering van die Psalmboek as geheel, maar ook vir individuele psalms of temas wat binne hierdie konteks bestudeer moet word.

Ook is aangetoon dat Psalm 40 die meeste van die eienskappe van die Psalmboek bevat en dus ’n psalmboek in die kleine is. Psalm 40 speel ’n belangrike rol speel aan die einde, maar ook in die hele boodskap van Boek 1. Psalm 40 help om die individuele probleme wat in Boek 1 beskryf word, van toepassing te maak op elke leser (hoorder) van hierdie psalm. Die betekenis van Psalm 40 is dan dat net soos die digter uitkoms en redding ervaar het deur terug te keer na die wil van die Here en hy volhardend gebid het vir die uitkoms, net so seker sal dit geld vir almal wat hulle kan identifiseer met die nood soos in Boek 1 verhaal word. Al wat dan oorbly, is om die onbeskryflike grootheid van YHWH te besing.

## Geraadpleegde bronne


BRATCHER, D. 2002a. Introducing the Psalms. The Voice. The Christian Resource Institute. http//www.cresourcei.org/psalmsintro.html [23 April 2003].

BRATCHER, D. 2002b. Patterns for life: Structure, genre, and theology in Psalms. The Voice. The Christian Resource Institute. http//www.cresourcei.org/psalmgenre.html [23 April 2003].

BURDEN, J.J. 1986. Poëtiese tekste. (*In* Deist, F.E. & Vorster, W.S. Woorde wat ver kom. Kaapstad: Tafelberg. p. 37-68.)

CLINES, D.J.A. 1967. Psalm research since 1955: I. The Psalms and the Cult. *Tyndale Bulletin*, 18:103-126. http//www.shef.ac.uk/-biblst/ [23 April 2003].

CLINES, D.J.A. 1998. On the way to the postmodern: Old Testament essays 1967-1998. *Journal for the study of the Old Testament*. Supplement Series, 292. Vol. 2. Sheffield: Sheffield Academic Press. http//www.shef.ac.uk/-biblst/ [23 April 2003].

CREACH, J.F.D. 1996. Yahweh as refuge and the editing of the Hebrew Psalter. *Journal for the Study of the Old Testament*. Supplement Series, 217. Sheffield: Sheffield Academic Press.

HOWARD, D.M. 1999. Recent trends in Psalms study. (*In* Baker, D.W. & Arnold, B.T., *eds*. The face of Old Testament studies. Grand Rapids: Baker Books. p. 329-368.)

JOFFE, L. 2001. The Elohistic Psalter: what, how and why? *Scandinavian Journal of the Old Testament,* 15(1):142-165.

LIND, S. 1998. The editing of the Psalter. *Tic Talk 40*. http/www.ubs-translations.org/tt40.html [23 April 2003].

MAYS, J.L. 1986. The David of the Psalms. *Interpretation,* 40(2):143-155.

McFALL, L. 2000. The evidence for a logical arrangement of the Psalter. *Westminster Theological Journal*, 62:223-256.

MITCHELL, D.C. 1997. The message of the Psalter. An eschatological programme of the book of Psalms. *Journal for the study of the Old Testamen*t. Supplement Series 252. Sheffield: Sheffield Academic Press.

MOWINCKEL, S. 1992. The Psalms in Israel's worship. Translated by D.R. Ap-Thomas. Sheffield: JSOT.

NAUDÉ, E. 1999. Psalm 40: Een of twee Psalms. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif.)

PRINSLOO, W.S. 1995. Die Psalms as samehangende boek. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 36(4):459-469.

PRINSLOO, W.S. 2003. The Psalms. (*In* Dunn, J.D.G. & Rogerson, J.W. Commentary on the Bible. Grand Rapids: Eerdmans. p. 388-389.)

ROGERSON, J.W. & McKAY, J.W. 1977. Psalms 1-50. Cambridge: Cambridge University Press.

SANTALA, R. 2003. The Messiah in the Psalms. http//www.kolumbus.fi/hjussila/rsla/OT [23 April 2003].

SEYBOLD, K. 1990. Introducing the Psalms. Translated by G. Dunphy. Edinburgh: Clark.

TROMP, N. 2001. Psalmen 1-50. Leuven: Vlaamse Bijbelstichting.

WILSON, G.H. 1984. Evidence of editorial divisions in the Hebrew Psalter. *Vetus Testamentum*, 34(3):337-352.

WILSON, G.H. 1986. The use of the royal Psalms at the 'seams'of the Hebrew Psalter. *Journal for the Study of the Old Testament,* 35:85-94.

WILSON, G.H. 1992. The shape of the book Psalms. *Interpretation*, 46(2):129-142.

WILSON, G.H. 1993. Shaping the Psalter: a consideration of editorial linkage in the book of Psalms. (*In* McCann, J.C., *ed*. The shape and shaping of the Psalter. *Journal for the Study of the Old Testament*. Supplement Series 159:72-82. Sheffield: Sheffield Academic Press.)

WILSON, G.H. 2003a. The poetry of the Psalms: Understanding poetic conventions. http://home.apu.edu/-geraldwilson//HebrewPoetry.ht*ml* [23 April 2003].

WILSON, G.H. 2003b. Songs for the city: Interpreting Biblical Psalms in an urban context. http://home.apu.edu/-geraldwilson//SongsCity.html [23 April 2003].

WILSON, G.H. 2003c. Types of Psalms. http://home.apu.edu/-geraldwilson//PsalmTypes.html [23 April 2003].

ZENGER, E. 1994. New approaches to the study of the Psalms. *Proceedings of the Irish Biblical Association*, 17:37-54.

## Key concepts:

Psalm 40: interpretive possibilities
Psalms: coherent whole
Wilson, Gerald H.

## Kernwoorde:

Psalm 40: interpretasiemoontlikhede
Psalms: samehangende geheel
Wilson, Gerald H.